# UIT DIE PAPPOT

**2011 UITGAWE 3**

## LENTE

Die wonder van lente isnuwe lewe. Oral om ons is dit sigbaar – botsels en ; bloeisels, blare en blomme; alles getuig van die nuwe seisoen. Helaas is daar ook bome wat nou eers begin blare verloor.

Kyk jy na die mense om jou, dan lyk dit nie juis of dit die begin van 'n nuwe seisoen is nie. Almal kla elke dag oor die blare wat afval, die ekonomie, politiek, ons huise en huwelike. As jy luister en kyk na die mense om jou, lyk dit na herfs, of selfs die begin van 'n baie koue winter. Nie juis iets om oor opgewonde te raak nie.

Die keuse van wat jy sien, bly egter altyd joune. Jy kies om te sien of die glas half vol of half leeg is.

Tydens Jesus se tyd in die wêreld was daar stert godsdienstiges wat alles en almal beoordeel en veroordeel het volgens hulle eie maatstawwe en almal wat nie soos hulle was nie, uitgeskel het as sleg en onaanvaarbaar. Daar was die Romeinse regering met sy hoë belastings, die hoë amptenare van die regering wat uitspattig leef, die armoede van die massa en die klasseverskille tussen ryk en arm.

Jesus kom die wêreld in. Wat sien HY? Wat bepaal sy treë? Wat maak die Jesus in die skynbare winter glo dat die nuwe lewe – die lente – aangebreek het?

Sy enigste oortuiging is dat dit God se wêreld is. Hy glo en weet dat dinge moet en sal wees soos God dit wil. Die verganklikheid en gebrokenheid moet nie die deurslag gee nie maar die Lewe self. Sy taak is om dit wat die sonde stukkend maak weer heel te maak, nuut te maak, te herstel.

Hy wil weer hoop bring dat die wêreld op pad is na iets beters.

God se plan was nie dat die hulpbronne van die wêreld opgebruik moet word nie, maar bestuur moet word. Die mense se verhoudings moet hulle nie stukkend en verslae laat nie, maar hulle moet liefde, vergifnis en heelheid beleef. Mense moet nie mekaar in selfsug doodwurg nie, maar mekaar ruimte gee om te lewe. Lewe is vir God kosbaar; dit moet vir ons ook kosbaar wees.

Jesus se koms en leer sê dat die glas nie half leeg is nie, maar half vol. Daar is nuwe lewe, 'n nuwe lewensperspektief, nuwe lewensmoontlikheid, alles groei na God toe...."So sal God alles wees vir alles."

(1 Kor. 15:28)

## OF

Is dit hoe jy na lewe kyk? Is jou lewe soos dié van Jesus ingestel op heelmaak, nuut maak, hoop bring? Is jou lewe vol liefde wat laat lewe? Lente beteken groei in die lewe in.

Is jy besig om in Jesus te groei, word jou lewe nuut of val jou blare af, al is dit lente?

## HERFS!

Lees binne

•Redaksie brief……2
•Uit die pen van……2
•Resepte (bron: Lig tydskrif)..……..3
•Terugvoer van kampe..……4 & 5
•Hang vir die somer (bron: Lig tydskif).....6
•Raai-Raai-Riepa (Blokkies raaisel)……7
•Vejaarsdae……8
•Naasteliefde (bron: Lig tydskif)……..8

Ek sê....

Ek is weer terug en die keer vir 'n laaste keer vir die jaar....ja ek kan nie glo die jaar is verby nie.....

So baie dinge het met elkeen van ons gebeur die jaar; ja party was goed ander nie so lekker nie maar tog weet ons dat God aan ons sy is en Hy die Beplanner van al die dinge in ons lewe is ons moet net raak sien wat Hy vir ons daarmee wou laat leer.....

Dit is daardie tyd van die jaar waar ons verdraagsaam en liefdevol moet wees met elkeen om en naby ons - maar ook nie net in die tyd nie maar ALTYD - daarom is baie gesê rondom naaste liefde en die begrip vir ander, kom ons kyk of ons nie ook daarby baat kan vind nie.....LIEF VIR JULLE ALMAL

""n Geseënde Kersseisoen en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar vir elkeen, mag julle geseënd wees saam met julle geliefdes en veilig terug kom volgende jaar.

Groetnis
Melanie en Coen
Email:
debeermelanie@hotmail.co.za

**BESTUUR BESONDERHEDE**


**VOORSITTER**
Koos Schonefeld
Posbus 338
Koster, 0348
014 – 543 2461 (H)
014 – 543 2461 (F)
083 604 3334 (S)
schonefeld@ffg.net

**ONDER VoORSITTER**
Kobus Schonefeld
Posbus 641
Koster 0348
014 – 543 3332 (H)
079 519 2868 (W)
083 655 7396(S)
kobus@leeufonteinvoere.co.za



**SEKRETARIS**
Gert Meyer (jnr.)
Posbus 913
Ifafi, 0260

082 373 5758 (S)
gert.meyer@nmppp.com





**PENNINGMEESTER**
Yolandi le Roux
Posbus 338
Koster, 0348

083 655 7395 (S)
yolandi@ffg.net


**ADISIONELE LEDE**

Johann Verster
083 637 0288

Coen Strydom coenstrydom@hotmail.co.za
083 235 1198

**SENIOR BURGER**
Gert Meyer (snr)
Posbus 913
Ifafi, 0260
082 875 6753 (S)

gert.meyer@nmppp.com



Dagsê Kosmossante,

"n Mens kan dit byna nie glo nie maar die jaar is verby. Sommer nou die dag was ons nog besig met beplanning van die jaar se aktiwiteite, soos die Presidente, die week see toe vir 'n paar lede, die Sitrusfees, die AJV en die Kongres. Nou is dit al die jaar afsluiting. Die jaar het verby gevlieg en vir al die aktiwiteite vir so 'n klein groepie mense was dit 'n baie besige jaar. Laat ek sommer klaar sê ek dink die jaar was te besig. Nogtans vir elke kosmossant wat sy kant gebring het, dit word baie hoog op prys gestel. Al die funksies wat ons aangebied het was baie suksesvol. Ek het 'n hele paar oproepe van streke en gebiedvoorsitters gehad om ons te bedank vir die moeite wat ons gedoen het en ons ook geluk gewens met die suksesse wat ons behaal het.

Wat die nuwe jaar betref wil ek u verseker dat ons beplan om dit baie meer rustig te vat. Ons wil hierdie jaar net weer kamp en onder die bome kuier. Weer 'n bietjie bande bou en gesels en getuig oor hoe God Sy genade oor ons uitgestort het.

Baie geluk aan Gert jnr wat as Stelleland se Gebiedsvoorsitter gekies is. Ek wil hom ook bedank vir al die werk wat hy as Sekretaris vir Kosmos gedoen het. Ek weet ook hy sal in die toekoms ons help met die reëlings van die Sitrusfees.

Ek is ook baie bly om te kan sê dat al die lede wat operasies ondergaan het weer fiks en gesond is, ons dank aan ons Hemelse Vader daarvoor.

Ek dank Hom ook vir die beskermde Hand wat Hy oor ons gehou het die afgelope jaar, daar was geen ongelukke of teëspoed nie.

Ek wil ook vir elkeen 'n geseënde kersfees toewens en ook voorspoed vir die nuwe jaar. Mag jy die vrede van Jesus Christus in jou lewe ervaar.

Groete tot volgende keer

Koos en Leonora

# MIELIE-PAP MUFFINS

**Jy benodig (vir 6)**

* 2 koppies mieliemeel
* 4 koppies water
* 1 teelepel sout
* 3 eetlepels olyfolie of botter
* 2 eiers
* 2 hande vol kaas, gerasper
* 4 eetlepels gekapte vars kruie, of 1 eetlepel droë kruie
* 1 teelepel rooipeper
* 1 teelepel paprika
* 1 koppie heel mieliepitte
* 6 sondroogtamaties, gekap
* 12 Kersietamaties, gehalveer

**Só maak jy**

1. Voorverhit die oond tot 200 °C.
2. Maak eers die pap. Bring die water en sout tot kookpunt. Voeg die mieliemee daarby en roer tot dit verdik. Laat dit met 'n deksel op prut vir 10 minute. Verwyder dit van die hitte en laat die pap afkoel.
3. Meng die res van die bestanddele saam en voeg die koue pap daarby.
4. Skep die mengsel in 'n gesmeerde muffinpan. Skep dit maar vol, want dit rys glad nie. Bak die muffins vir ongeveer 20 minute.

***Wenk:*** **Die muffins is 'n blink plan as jy oorskietpap het. Gooi 'n hand of d vol gebraaide spek of oorskietboerewors by en eet dit vir brekfis. Dis 'n geduldige resep die.**

# FRIKKADELLE OP 'N STOKKIE



*Bestanddele*

500 g beesmaalvleis
1ui, gekap
1 eier
Sout en peper
20ml (4t) vars gekapte pietersielie
250 g spekvleis-repies

*Metode*

Meng maalvleis, uie en eier goed saam. Geur met Sout en peper en pietersielie. Vorm frikkadelle en ryg sowat vier op elke houtstokkie, met 'n stukkie Spekvleis om elke frikkadel gevou en met 'n Tandestokkie vasgesteek. Laat dit 'n uur lank in Die koelkas om ferm te word. Braai vinnig oor warm k
Tot die frikkadelle gaar is – sowat 5-7 minute.

# kAMp tERugvOer....

Die jaarlikse **JAV te Klub Kranskuil (26 – 28 Aug)** was weer op hande en 'n ieder en elkeen wat kon was vir die naweek by Koster. Soos dit maar Vrydae gaan is dit 'n deur mekaar aangekommery en staan maak... party kyk en die ander werk... né manne? Vrydag aand het Tannie Leonora vir ons 'n lekker kerry en rys voorgesit... tot ou Snowie (vir die van julle wat nie weet dit is 'n nuwe lid... net jammer hulle wil nie haar lidmaatskap aanvaar nie) het dit geniet... nie dat ek sê dit was honde kos nie. Nou ja Saterdag was 'n lekker warm dag en die kinders het sommer van vroeg dag af al in die swembad gebaljaar. Ons het dit goed gedink om vir Petro 'n ooievaarstee te gee, en ek glo sy was verras. Sy het lekker baie goedjies gekry vir die kleinding – dankie vir elkeen se liefde en bydrae (nou ook al gebore met 'n naampie – Elanie). Later die dag was dit natuurlik die bestuur verkiesing en ander besprekings soos ons nuwe klere... ja ons werk nog daaraan. Na die vergadering was dit net vinnig was en skrop toe ry die "trein" na Bloemfontein... o genade nee ek skies dit was na Koster Hoëskool se "hotelskool", wat die jaar vir ons 'n lieflike ete voorgesit het. Daar is ook weer eens 'n paar toekennings gegee, ook het ons op 'n gepaste manier van oom Piet en tannie Antoinette afskei geneem. Vir hulle wil ons net weer sê dankie vir alles wat julle vir ons beteken het met julle mooi voorbeeld. Sondag het die dag skoon en helder aangebreek en kon ons weer eens na pastoor Niekie luister vir 'n oggend boodskap. Die dag was verder lui lekker geniet deur elkeen en soos ons begin moet daar ook 'n einde wees en moes ons huis toe gaan...

***Prayer is not a "spare wheel" that you pull out when in trouble,***

***But it is a "steering wheel" that directs the right path throughout.***

**********

**Do you know why a car's WINDSCREEN is so large**

**&**

**The REARVIEW MIRROR so small?**

**Because our PAST is not as important as our FUTURE.**

**Look Ahead and Move on!!!**

Dan was dit natuurlik die groot "K"…**<u>Kongres, Buffelspoort (12 – 14 Oktober)</u>**, ek was nou nie self daar nie so kan nie veel sê nie, maar het van verskeie bronne gehoor dat dit harde WERK was van Vrydag tot Saterdag aand met die dinee. Vrydag aand was dit 'n lekker saam braai met die klomp en daarna het die voete gejeuk en 'n paar draaie is gemaak op die vloer. Saterdag was die "manne" besig om die dinge van belang uit te pluis daar onder mekaar... net soos 'n skram het hulle koppe gestamp en darem weer bymekaar gekom ook. Saterdag middag was dit maar 'n rond gehardloop en gespook en gestoom om alles in die saal reg te kry vir die aand se dinee. Die sweet is nog nie eers mooi afgevee nie toe moes ons al sit vir die te-doe. Die dagbestuur is voorgestel en die toekennings is uitgegee (sien die webwerf van SAWA vir meer inligting). Kosmos het hulle weer goed van hulle taak gekwyt en die sweet van die harde werk lê gesaai op Buffelspoort.



When you pray for others,

God listens to you and blesses them,

And sometimes,

When you are safe and happy,

Remember that someone has prayed for you.

Dan was daar die kamp by **<u>Drie Berge, Brits (26 -28 Oktober)</u>**, wat daar gebeur het en hoekom dit daar gebeur het weet ek nie... Wil net weet wie was die Kamp Kommodant? En hiermee gee ek vir elkeen die "gat beker".

?

Daar is nog net Rametsi oor vir die jaar, geniet dit en sien julle weer volgende

Xx Melanie xX

Somer is sinoniem met sonskyn en luilekker stoepkuiers. En wat is lekkerder as 'n ligte bries wat deur jou hare waai? Ongelukkig steek daardie ligte windjie soms vinnig op en dan moet 'n mens keer of jou tafeldoek waai af en jou breekware val flenters! Maak hierdie somer jou eie tafeldoek-gewiggies wat so uniek is soos jy.

## Benodigdhede

Roldraad

Filtpen/Kokie

Ogiesdraad

Tang

Draadknipper of "heavy duty"-kombuisskêr

Klippies (of enigiets anders om jou draadhartjies mee te vul)

ID-knyper (te koop by skryfbehoeftewinkels)

### Vulsel-idees

Spoelklippe, dryfhout, klein klippies, albasters, knope, skulpe, ensovoorts. Maak seker dat die vulsel nie kleiner as die gaatjies in die ogiesdraad is nie én dat dit swaar genoeg is om weerstand te bied.

## Wat om te doen

1 Meet die lengte draad af wat jy gaan nodig hê vir jou vorms en knip dit af. Knip sommer genoeg stukke vir al die vorms wat jy wil maak.

2 Buig die vorm wat jy wil hê uit die roldraad en heg die punte stewig aanmekaar vas. Maak gelyktydig al die vorms vir die aantal gewiggies wat jy gaan maak sodat hulle ewe groot is.

3 Plaas dan die vorm oor die ogiesdraad en trek dit af met 'n filtpen.

4 Maak nou knip-merkies so 3 cm verder van dié lyne af (jou vorm moet driedimensioneel wees; nie plat nie). Knip dan twee stukke ogiesdraad per vorm uit.

5 Heg nou die plat gesnyde velle ogies-draad aan die draadvorm vas. Jy kan die punte op die rante gebruik om dit om die vorm te draai. Onthou om 'n gaatjie aan die bokant oop te laat, waar jy die "vulsel" kan invoeg.

6 Wanneer jou gewiggie 'n mooi vorm het, kan jy dit met enigiets van jou keuse vul. Wanneer die vorm behoorlik gevul is, maak die draad aan die bokant ook vas aan die vorm sodat dit mooi toe is.

7 Haak dan jou ID-knyper aan die bokant van die vorm en voila! Nou moet die gewiggies nog net aan jou tafeldoek vasge-knyp word.

# Raai - Raai Riepa

Onsterflikes — Land van die Nyl
Retina — Chaldeër stad
Verplig wees
Siel van die Farao
Bybeldeel — Eerbiedig — Ligging
Nuwe Verbond (afk) — Jeremiade
Ovum — Hulle het gate, sê Jesus
Gelykstroom (afk) — Taktloos
Intelligensiekwosiënt — Vragbote
Eljakim se pa (2 Kon 18:26) — Spinnerak
Spotnaam vir Elisa (2 Kon 2:23)
Moeras — Wedstryd
Midianitiese koning (Jos 13:21)
Kuiltoring — Klapsoen
Mondbeen
Wasmiddel — Eggenotes
In die nag — By testament toewys
Efraim het soos 'n ___ geword (Hos 7:8)
Brompot — Strelend paai
Waarmerk — Stoomskip (afk)
Hulle sorg vir Elia — 'n Plaag in Egipte
Toevoeg — Mannetjieshonde
Poshouer
Geboorteplek van Jesus
Laaste rusplek — Iriswortelekstrak
Hoofverpleegster — Woelig
Koning van Persië
Broer (afk)
Moskeebeampte
Voetmerke
Koidans
Gad se seun (Gen 46:16)
Vrou van Abraham — Kneusplek
Romeinse Ryk — Varkmannetjie
"U is my ___" sê Rut vir Boas — Erdepot
Duiweverkopers gebruik dit (Matt. 21:12)
Bod maak
Beeldholte — Eva se kind
Wegglip
Stad in Benjamin (Esra 2:33)
Die mens bestaan uit stof en ___
Kersboom — Motor
Wolsakke — Hoe?
Die duiwel
Kalm — Periode
Tussen so en ti
Rodium (simbool) — Outoppie
Skindertong — Seerkry
Taal van verliefdes
Slagyster
Rivier in Egipte
Laer as kaptein
Verdriete — Bidhandeling
Eva se kind — Vryer

***Jou ouderdom!***




* Eerstens, kies 'n nommer kleiner as 10
* Vermeenigvuldig met 2
* Tel 5 daarby
* Vermeenigvuldig met 50
* As jy alreeds jou verjaarsdag hierdie jaar gehad het, plus 1761. Indien nie, plus 1760
* Minus nou die jaartal waarin jy gebore is
* Jy behoort met 'n drie-syfer getal oor te bly
* Die eerste syfer is jou oorspronglike begin syfer
* Die laaste twee is jou ouderdom!

# VERJAARSDAE

**DeSEmBer**

3 - Thys de Beer
4 - Ruhan Verster
6 - *Troudag: Uys & Kobie Jonker*
9 - Stian Verster
11 – Carel le Roux
14 – *Troudag: Lokkie & Marthie van Breda*
16 – *Troudag: Johann & Elsie Verster*
16 – Sune Zietsman
18 – San van Zyl
30 – Piet Naude
31 – *Troudag: Thys & Stienie de Beer*

**jANuArie**

10 – Deon de Beer
11 – Diandra de Beer
12 – *Troudag: Willie & Henriette du Toit*
26 – Linda Zietsman
29 – Flip van Zyl
31 – *Troudag: Piet & Antionette Naude*

**FEbrUArie**

2 - Marno le Roux
4 - Minette de Beer
14 – Kobus Schonefeld
23 – Jolene Filmalter
25 – Stienie de Beer
27 – Leandri le Roux

**maARt**

6 - *Troudag: Koos & Leonora Schonefeld*
20 – Marthie van Breda
18 – Ilse Schonefeld
25 – Ina Schonefeld
29 – Tom Zietsman

# Naastelieftde

Naasteliefde beteken dat die welstand van ander mense jou na aan die hart lê en dat jy jou bes doen om ander se lewe aangenamer te maak. 'n Mens leer wat liefde is as ander jou onvoorwaardelik liefhet; net so leer jy om ander lief te hê wanneer jy hulle dien en sonder voorbehoud aanvaar.

Om naasteliefde te leef, moet 'n mens as 't ware 'n "sesde sintuig" vir ander se behoeftes ontwikkel. Gebruik jou verbeelding en bedink allerhande maniere om ander mense gelukkig te maak.

**Hoekom moet 'n mens ander mense liefhê?**

Een van God se twee groot gebooie is naasteliefde omdat niemand sou oplet wanneer iemand anders hulp nodig het, as hulle dit nié gehad het nie. Elkeen sou net op sy of haar eie behoeftes gefokus gewees en vir homself gesorg het. Wat 'n eensame en verwilderede plek sou die wêreld dan nie gewees het nie!

Dit is liefdelose egoïsme wat al soveel skade aan mense en aan die skepping – die lug, waterbronne en die rond – aangerig het en mense en dier laat ly. Wanneer 'n mens egter op 'n praktiese manier liefhet, ontdek jy jou verbondenheid met alles wat deur God geskep is.

Weerhou jou daarvan om onnodig krities en venynig te wees. Tree vriendelik en ordentlik op!

**Jy het naasteliefde indien jy.....**

- Daardie nuwe kind wat sy of haar weg nog moet vind, by jou vriendekring probeer betrek. Maak kontak met die persoon en nooi hom of haar om saam met jou dinge te doen of om by jou huis te kom kuier;
- die versoeking om gemeen te wees, weerstaan. Probeer ook die gedrag van jou maats regstel. Kinders wat ander verkleineer en boelie, ook op sosiale netwerke, is gewoonlik onseker van hulleself, het 'n lae selfbeeld of is dalk self al geboelie. Ontmoedig dit, en as dit nodig is, meld die insident by die regte persone aan. Moet nooit enige vorm van verkleinering, vernedering of haatspraak duld nie. Die impak an sulke optrede op kinders se gemoed moet nooit onderskat word nie;
- aanbied om jou ma te help wanneer sy moeg is. Skenk altyd aandag aan mense wat jy weet jou hulp nodig het;
- sensitief is teenoor die persoon in die rolstoel. Lees die situasie fyn en bied jou hulp aan indien nodig. Gee om vir en aanvaar mense wat anders as jy is; en
- aandag gee aan die blinde persoon en 'n gedeelte van jou sakgeld vir 'n goeie saak gee.

**Dink hieroor na....**

- Hoe reageer mense wanneer hulle iemand met 'n gebrek sien? Of 'n persoon wat opvallend anders as hulle is?
- Hoe voel dit om uitgestoot en/of geboelie te word?
- Wie dink jy het vandag jou naasteliefde nodig en wat gaanjy daaraan doen?
- Wat sê jy vir iemand wat jou beledig en sleg behandel?
- Hoe het jy al in die verlede naasteliefde betoon en hoe het dit jou laat voel?